

7 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 6

Fokusgedeelte: Psalm 6:6

Siekte dwing jou tot lofprysing!

Die Psalmdigter stort sy hart uit voor die Here: "Kyk wat doen hierde siekte aan my! Ek kwyn weg! Waar is U, Here?"

Alle mense word een of ander tyd met siekte gekonfronteer. Vir gelowiges bring siekte dikwels geloofstwyfel. Soms reageer mens tipies soos die gelowiges van die Ou Testament: Wat het ek verkeerd gedoen dat die Here my so straf? Maar die Psalmdigter vra in vers 2 vergewing omdat hy so gereageer het. Ons weet tog dat Christus die straf op ons sonde gedra het, en dat siekte en ander beproewings nie straf op die sonde is nie. Siekte is eerder gerig op ons geloofsgroei. Siekte het juis ten doel om ons na God te laat terugdraai.

In die res van die Psalm reageer die digter in geloof op sy siektetoestand – hy bid tot God! Dit is presies wat God van ons verwag wanneer ons siek is – om Hom in gebed op te soek. En as deel van sy gebed prys die Psalmdigter die Here! Gebed is 'n teken van die gelowige se afhanklikheid van God, en mens kan God alleen maar prys as jy van Hom afhanklik is.

Die Psalmdigter pleit by die Here dat hy Hom nie sal kan prys as hy dood is nie. Maar ons weet dat die dood maar 'n deurgang na die ewige lewe by en met God en Christus is. En in daardie lewe sal ons hele lewe gerig wees op God se lof en eer. Selfs deur ons siekte word God verheerlik!

Wanneer jy onder siekte ly, keer jou na God in gebed en prys sy Naam!

Sing: Psalm 103:1 en 2 (2001)

Ds H Goede (Vereeniging-Oos)